# Die Uitwerking van Enkele Europese Geestestrominge op ons Geskiedskrywing

deur

DR. F. J. DU T. SPIES

SEKER elke land wat uit 'n kolonie ontwikkel se geskiedenis word eers deur die buitestaander geskrywe. Daarna volg die eie beskrywing van landsomstandighede en geskiedenis deur eie mense, deur inwoners van die land self. Dat die twee soorte van mekaar sal verskil is onvermydelik. Dikwels staan hulle lynreg en vyandig teenoor mekaar. Wanneer so 'n kolonie nog van eienaar verwissel dan is die kanse op botsende en uiteenlopende beskouings tussen die binne- en buitelandse gesigspunt soveel sterker. Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld hiervoor. Steeds was en is daar by ons 'n teenstelling tussen die siening van die buitestaander op ons toestande en die eie siening oor wat die omstandighede in ons land is en behoort te wees. Hierdie dualisme loop soos twee strome dwarsdeur ons geskiedskrywing tot vandag toe. Soms verander dit; soms verskuif die aksent; soms kom politieke, soms ekonomiese, soms algemene kulturele faktore op die voorgrond; steeds egter bly dit twee strome.

Die volksplanting aan die Kaap kom tot stand danksy en binne die raamwerk van die Merkantiele Stelsel wat in die 17de en 18de eeu hoogty gevier het en wat veral in die koloniale moondhede van Europa 'n sekere lewenshouding was. Volgens dié stelsel het die V.O.C. die Kaap aanvanklik slegs as verversingstasie en nie as ontluikende kolonie beskou nie. En selfs later het die merkantilistiese beginsels reaksie en opstand onder die vryburgers veroorsaak. Dit is bekende geskiedenis wàt hier nie verder hoef behandel te word nie. In hoofsaak moet daarop gelet word dat dit 'n eie siening en later 'n eie geskiedskrywing gestimuleer het. Dit bring egter mee dat die kompaniestydperk vir 'n tyd lank in 'n onnodig ongunstige lig in ons geskiedskrywing gestel is.[1]

In die 18de eeu het die Aufklärung of Verligting as heersende lewenshouding natuurlik ook sy invloed op die Kaap gehad. Die Amerikaanse en Franse rewolusies met die idees wat daarin beliggaam is, het ook diep indruk op die Kaapse bewoners gemaak. Ook hier ontstaan rewolusie en opstand — natuurlik net op kleiner skaal. Ook hier ontstaan liberale, demokratiese neigings. Soos in Nederland kom ook hier 'n Patriotte-beweging tot stand. Wat die verdere verloop hiervan was, ook hoe die kolonie in die hande van Engeland gekom het as gevolg van botsings in Europa, ook dit hoef nie verder belig te word nie.

(1) Voorbeeld hiervan is die bekende werk van E. B. Watermeyer: Three lectures on the Cape of Good Hope under the Government of the D.E.I. Company, 1857.

Ons geskiedskrywing begin eintlik eers in die negentiende eeu. Voor die tyd is daar natuurlik baie oor Suid-Afrika geskryf. Baie van die geskrifte het enigsins 'n geskiedkundige inslag, maar geskiedeniswerke in die werklike sin van die woord kan ons hulle nie noem nie. Die belangrikste van die geskrifte is reisbeskrywings wat al na gelang van die belangstelling van die reisiger konsentreer op òf die geografiese kenmerke van die land, òf die plante- of die dierelewe, òf op die menslike bewoners daarvan. 'n Hele aantal bekende name kom by ons op: Dapper, Kolbe, De Jong, Le Vaillant, Mentzel, Sparrman, Lichtenstein, Barrow, Burchell — om maar 'n klompie te noem — en dan veral die geskrifte van sendelinge soos Campbell, Philip, Moffat, Livingstone en ander.

In 'n sekere sin kan beweer word dat ons geskiedskrywing uit dergelike werke ontwikkel. Nie alleen dien dit tot vandag toe nog as belangrike bronnemateriaal nie, maar die verset wat daar kom teen die bewerings van sommige van die skrywers het direk die ontstaan van 'n eie geskiedskrywing ten gevolge. Baie van die boeke, veral die van die sendelinge, was naamlik die draers van die sogenaamde Filantropiese geesteshouding wat ook 'n produk van die agtiende eeuse Aufklärung in Europa is. Dit ontstaan miskien in die boeke van Rousseau met sy leer van die edel barbaar, maar kom veral (in sover dit Suid-Afrika raak) tot uiting in sekere godsdienstige kringe in Brittanje.

Dit bots met die Suid-Afrikaanse opvattings wat betref rasseverhoudings — om nou maar 'n moderne woord te gebruik. Hierdie botsing verskyn reeds op politieke terrein lank voor dit sy neerslag in die geskiedskrywing vind. Ek herinner kortliks aan die slawe-ordonnansies, die Swart Ommegang, Slagtersnek, die Oosgrens, die 50ste Ordonnansie en so meer. Geskrifte vyandig teen die Boere kulmineer in die veelgewraakte boek van dr. John Philip: „Researches in South Africa, illustrating the civil, moral and religious conditions of the Native tribes, including journals of the Author's travel in the interior", wat in 1828 verskyn. 'n Historiese werk en 'n poging tot objektiewe historiese ondersoek is dit nie, hoewel die verlede van die Kolonie tog enigsins ter sprake kom, hoofsaaklik wat die behandelinge van die inboorlinge betref. Die boek het in Engeland groot indruk gemaak en die Britse beleid ten opsigte van Suid-Afrika beïnvloed. Veral die grensreëlings is in so 'n mate deur dr. Philip se propaganda bemoeilik dat die goewerneur, sir Benjamin D'Urban, 'n poging aanwend om sy bewerings wetenskaplik te weerlê. 'n Amptenaar in diens van die Kaapse regering, Moodie, kry opdrag om dokumente op te spoor en te publiseer wat die valsheid van dr. Philip se beskuldigings aan die kaak sou stel.

Donald Moodie het in 1819 uit Engeland na Suid-Afrika emigreer, eers in die distrik van Uitenhage saam met sy broers geboer en later in regeringsdiens getree in welke hoedanigheid hy hoofsaaklik in die Oostelike Provinsie werksaam was.(2) Weens sy noue kontak met Boere en Setlaars het Moodie 'n

(2) Enkele lewensbesonderhede oor Donald Moodie is te vind in 'n boek van sy broer: Major J. W. D. Moodie, Ten Years in South Africa, Londen, 1835.

Suid-Afrikaanse kyk op sake ontwikkel wat betref die inboorlingmoeilikhede. Die werk wat hy gedoen het, het hy dan nie net as getroue amptenaar gedoen nie, maar ook uit oortuiging. Die resultaat van sy ywer was 'n bronnepublikasie, „The Record, or a series of Official Papers relating to the conditions and treatment of the Native Tribes of South Africa" waarvan drie dele, deel I (1648 — 1720), deel III (1769 — 1795) en deel V (1818 — 1819) tussen die jare 1838 — 1841 verskyn. Dele II en IV het nooit verskyn nie. Teen 1841 was die werk nie meer aktueel nie. Die filantropiese golf het terug geëb. Regeringsteun is van die publikasie onttrek en uit privaat bronne kon Moodie nie genoeg kry om sy werk te voltooi nie. Die publikasie verteenwoordig egter die eerste wetenskaplike ondersoek in ons argiewe en verskeie latere geskiedskrywers het van „The Record" gebruik gemaak.

Hoewel die uitgawe van „The Record" gestaak is omdat die beskuldigings teen die Boere oor hulle behandeling van die inboorlinge in die jare 40 nie meer so heftig was nie, het hierdie tema nooit weer uit ons geskiedskrywing verdwyn nie — tot vandag toe nog. Dit word soms op die agtergrond gedruk deur die politieke teenstellings van die twee blanke rasse, maar ook hierin is dit byna altyd gemeng.

Ons vind dit sterk verteenwoordig in die eerste geskrifte oor die Groot Trek. Ek verwys na die werke van Chase (later uitgebrei deur Bird),(3) Lauts,(4) Cloete(5) en ander. Kenmerkend is dit dat die „Oorsake van die Groot Trek" besondere aandag geniet. Die Groot Trek bring die Brits-Afrikaanse teenstelling vir die eerste keer sterk uit. Tog ten spyte van die anneksasie van die Republiek Natal en die gebied tussen Oranje en Vaal was die Britse imperialisme, die „Imperial Factor", nog nie baie sterk in Suid-Afrika nie. Dit bewys ook die erkenning van die Twee Boere-republieke in die jare vyftig. In die jare vyftig en sestig het Brittanje hom taamlik afsydig gehou. Die twee republieke kry in die jare hulle beslag, die Kaapkolonie kry verteenwoordigende en later verantwoordelike regering; Natal ook ietwat later. 'n Algemene politieke rypwording is te bespeur.

In die jare sewentig ontstaan daar vir die eerste keer na Moodie weer 'n neiging by die Kaapse regering om aan die geskiedenis aandag te gee. Blykbaar was daar geen buitelandse prikkel nie. Veeleer lyk dit na 'n suiwer wetenskaplike benadering, waarskynlik as gevolg van die groot belangstelling wat die geskiedskrywing in die negentiende eeu in Europa ontvang. Die toestand van die Kaapse argiewe noodsaak die regering om argivarisse in die persone van G. M. Theal en J. C. V. Leibbrandt aan te stel en geld vir historiese publikasies te vind.(6) Vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing was

(3) J. C. Chase, The Natal Papers, Grahamstown, 1843. John Bird, Annals of Natal 1495 — 1845, Kaapstad s.d. (vermoedelik 1885).

(4) U. G. Lauts, De Kaapsche landverhuizers of Nederlands afstammelingen in Zuid-Afrika, Leiden, 1847.

(5) Henry Cloete, Three lectures on the Emigration of the Dutch Farmers from the Colony of the Cape of Good Hope, Pietermaritzburg, 1852. In 1856 het hy nog twee lesings bygevoeg en word dit „Five Lectures . . . "

(6) In 1876 is 'n kommissie insake die argief ingestel en het dr. J. W. G. van Oordt op versoek 'n inventaris daarvan opgestel. Theal is in 1879 as Keeper of the Archives aangestel en Leibbrandt in 1880.

dit van onskatbare waarde. Veral Theal se omvangryke oevre het die peil van geskiedskrywing onteenseglik verhoog. Theal grond sy bevindings op argiefbronne, skryf geskiedenis ter wille van die geskiedenis self, maar vereenselwig hom tog grootliks met die Suid-Afrikaanse siening.

Teen die tyd toe Theal op die toneel verskyn was daar alreeds 'n nuwe internasionale stroming kenbaar wat diep invloed op die gang van sake in Suid-Afrika vir die res van die eeu sou hê. Dit is wat in sommige geskiedswerke die naam dra van die era van die Imperialisme, wat Europese diplomatieke verhoudings bly beïnvloed in steeds stygende mate tot dit uitloop op die Eerste Wêreldoorlog. Die imperialisme word onder andere op Afrika gekonsentreer. Nie te lank nie of die „Scramble for Africa" was in volle gang.

Brittanje was wakker vir sy belange in Afrika en die twee Boere-republieke het die slagoffers daarvan geword. Dade soos die anneksasie van die Diamantvelde, die anneksasie van Basoetoland, die anneksasie van Transvaal en baie ander anneksasies wat na die verskyning van Rhodes daarop gevolg het, kan in die lig gesien word.

Dit het, wat die geskiedskrywing betref, 'n menigte van werke, voor en teen, ten gevolge gehad. Elke gebeurtenis of insident het sy skrywers voortgebring. Dat die werke almal, van welke kant dit ook geskryf is, erg subjektief was, spreek feitlik vanself. Feitlik almal skryf van gebeurtenisse wat in hulle eie tyd plaasgevind het en byna almal gebruik die verlede net om 'n eie standpunt te illustreer.

In hierdie tyd, en in sekere sin ook as reaksie teen die imperialistiese tydstroming, ontstaan die eintlik Afrikaanse geskiedskrywing. Dit kom uit die Patriot-beweging voort. Dit begin met „Di geskidenis van ons land in di taal van ons volk" deur S. J. du Toit en C. P. Hoogenhout in 1877. Dat hierdie *Geskiedenis* wetenskaplik benede die peil van sommige van sy tydgenote gestaan het, laat ek daar. Dit staan egter op een punt sterker en dit is in die onderkenning van die Britse imperialistiese mägte wat gedreig het om die Afrikanervolk uit te wis. Die spesifiek Afrikaanse geskiedskrywing is uit 'n drang na selfregverdiging en selfverdediging gebore, net soos die Afrikaanse Taalbeweging uit die tyd ook 'n sterk nasionale dryfkrag gehad het.

Origens kan die boekie gevoeg word by ander geskiedeniswerke wat eintlik 'n verdediging van die Boeresaak was. So was daar die boek van Stuart[7] uit die jare vyftig wat die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek regverdig, die van Hofstede[8] wat die standpunt van die Vrystaat teenoor die Basoeto's regverdig, die van Lindley[9] wat dieselfde republiek se standpunt ten opsigte van die Diamantvelde verdedig, die van Tromp,[10] Roorda Smit,[11] F. Lion Cachet[12] en Weilbach en Du Plessis[13] wat almal uit die Eerste Vryheidsoorlog

(7) J. Stuart, De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, Amsterdam, 1854.
(8) H. J. Hofstede Jr., Geschiedenis van de Oranje-Vrijstaat, Amsterdam, 1876.
(9) A. F. Lindley, Adamantia, the truth about the South African Diamond Fields, Londen, 1873.
(10) Th. M. Tromp, Herinneringen uit Zuid-Afrika, Leiden, 1879.
(11) J. A. Roorda Smit, Het goed recht der Transvaalsche Boeren, Utrecht, 1881.
(12) F. Lion Cachet, De worstelstrijd der Transvalers, Amsterdam, 1883.
(13) J. D. Weilbach en C. N. J. du Plessis, Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog, Kaapstad, 1882.

voortkom, die van N. J. Hofmeyr,[14] Jorissen,[15] 'n tweede van C. N. J. du Plessis[16] en J. F. van Oordt[17] wat uit die Transvaalse krisis en die Jameson-inval voortkom.

Hierteenoor kan talle Engelse boeke genoem word wat draers van die Brits-Imperialistiese gedagte is. Hulle verskil onderling natuurlik in graad. Naas uiterstes soos die boeke van Rider Haggard[18] en Percy Fitzpatrick[19] kry mens meer besadigde werke soos die van Carter,[20] Newman,[21] Voigt,[22] Withers[23] en ander.

Kenmerk van al die werke is die geïsoleerde, lokale karakter daarvan. Die hele reeks gebeure in Suid-Afrika word as 'n geïsoleerde geval beskou.

Dit is in 'n groot mate ook die geval met die magdom van geskrifte wat die Tweede Vryheidsoorlog ten gevolge gehad het. Dit is eers later dat sommige skrywers die oorlog binne die raamwerk van die Europese diplomasie probeer plaas het. 'n Ander kenmerk van die oorlogsgeskiedenisse wat tydens en net na die oorlog geskryf is, is die fel subjektiewe karakter daarvan. Dit verbaas ons nie; dit is immers die geval met alle oorloë. Nie alleen in Suid-Afrika en Engeland nie, maar ook elders in die wêreld is skerp kant gekies. Aangesien die oorlog die bestaan van die Afrikanervolk self bedreig het, het dit die reaksie des te skerper gemaak. Soos ons volkslewe is ook ons gskiedskrywing in 'n hoë mate deur die oorlog beïnvloed, tot vandag toe nog. Ek sal maar nie probeer om 'n oorsig te gee van die aantal werke wat met die Tweede Vryheidsoorlog in verband staan nie. Tog het 'n volledige geskiedenis van die oorlog van die kant van die Afrikaner nog nie verskyn nie.

Soos die ontwaking van die Afrikaanse geskiedskrywing in die jare sewentig van die vorige eeu verband hou met die Eerste Taalbeweging, so is daar ook 'n verband aan te toon tussen die Tweede Afrikaanse Taalbeweging en die ontluikende Afrikaanse geskiedskrywing van die twintigste eeu. Trouens die baanbreker op die gebied van ons geskiedskrywing, Gustav Preller, was ook 'n vooraanstaande taalstryder. Hoewel geen opgeleide vakhistorikus nie, het Preller tog die geskiedenis volgens 'n wetenskaplike kritiese metode benader. Hoe goed sy geskiedeniswerke is laat ek daar; daar is inderdaad baie kritiek na aanleiding van sy onnoukeurigheid, ens. Genoeg egter om te konstateer dat daar by hom wel 'n wetenskaplike benadering was en dat sy geesdrif bevrugtend gewerk het. Sy „Piet Retief" (1906) was baanbrekend in die Afrikaanse geskiedskrywing. Sy bronne-uitgawes oor die Groot Trek en sy talryke later werke is van groot waarde vir ons geskiedskrywing.

(14) N. J. Hofmeyr, De Afrikaner Boer en de Jameson-inval, Kaapstad, 1896.
(15) F. J. P. Jorissen, Transvaalsche Herinneringen, 1876 — 1896, Amsterdam-Pretoria, 1897.
(16) C. N. J. du Plessis, Uit de geschiedenis van de Zuid-Afrikansche Republiek en van de Afrikaanders, Amsterdam-Pretoria, 1898.
(17) J. F. van Oordt, Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam-Pretoria, 1898.
(18) H. Rider Haggard, Cetyswayo and his White Neighbours, Londen, 1882 en The Last Boer War, Londen, 1899.
(19) J. P. Fitzpatrick, South Africa from within, Londen, 1899.
(20) T. F. Carter, A Narrative of the Boer War; its causes and results, Londen, 1883.
(21) C. L. N. Newman, With the Boers in the Transvaal and the Orange Free State in 1880-'81, Londen, 1882.
(22) J. C. Voigt, Fifty years of the History of the Republic in South Africa, Londen, 1899.
(23) H. Withers, The English and Dutch in South Africa, Londen, 1896.

Ongeveer van dieselfde wetenskaplike standaard is die werke van Theal en Cory. Soos Preller was albei die persone ook geen opgeleide historici nie. Albei het die verdienste dat hulle 'n min of meer omvattende geskiedenis van Suid-Afrika geskryf het. Dit is myns insiens iets wat ons vandag besonder nodig het. Na hulle is dit net Walker se „History of South Africa" (1928) en dan versamelwerke soos „The Cambridge History of the British Empire" Deel 8 (1936) en „Geskiedenis van Suid-Afrika" (1955) onder redaksie van Van der Walt, Wiid en Geyer wat ons land se geskiedenis in sy geheel probeer behandel.

Met die opkoms van die Suid-Afrikaanse universiteite ontwikkel ons geskiedskrywing op verrassende wyse. Dit geld sowel die politieke as die kultuur-, kerk-, kuns- en ekonomiese geskiedenis. Om hiervan 'n oorsig te gee is ondoenlik. Oor feitlik geen tydperk van ons verlede ontbreek daar studies nie, van die Portugese tot die Uniewording en selfs later. Gelyktydig hiermee kan ook gewys word op die ontwikkeling van ons argiefwese en die waardevolle publikasies wat daaruit voortkom. Daar is ook die pragtige reeks van die Van Riebeeck-Vereniging.

Baie van ons geskiedskrywers het hulle opleiding in Europa gehad of het hier te lande gestudeer onder persone met 'n Europese agtergrond. Die Europese wetenskaplike metode het orals in ons land ingang gevind. Die reeks Argiefjaarboeke gee ons 'n goeie beeld van wat op akademiese gebied op die gebied van die geskiedskrywing presteer is. Dat dit ongelyk van waarde is, spreek vanself. Dat die eis van objektiwiteit nie altyd in die werke verwesenlik is nie, spreek ook vanself. Ook hier is die twee strome, Engelse en Afrikaanse sal ons dit maar noem, in die werke te sien.

'n Ongunstige aspek in ons geskiedskrywing wat hiermee aan die dag tree is die verbrokkeling daarvan. Daar is 'n menigte los temas behandel terwyl die sintese vir die groter geheel ontbreek. Ook val steeds die geïsoleerde karakter daarvan op; op uitsonderings na ontbreek die breë siening. Elke studieveld word as 'n geïsoleerde entiteit behandel. Die eise vir wetenskaplike benadering en argiefstudie is miskien verantwoordelik hiervoor. In baie gevalle word 'n studie net op die materiaal van een argief gebou. Miskien is die uitgestrektheid van ons land daarvoor verantwoordelik, of die omstandighede waaronder die navorser werk. So baie kom ook nooit verder as 'n M.A.-verhandeling of 'n doktorale proefskrif nie. Òf die tyd òf die lus vir verdere navorsing ontbreek. Dit het as gevolg dat weinig studente daartoe kom om 'n bepaalde tema of tydperk uit te put en om deur navorsing verder tot eie rypheid te kom.

As mens nou soek na geestestrominge van die 20ste eeu wat ons geskiedskrywing beïnvloed het, dan val dit op dat die meeste daarvan aan ons verby gegaan het of weens ons geïsoleerde, byna verskanste, posisie ons nooit bereik het nie. Die twee groot wêreldoorloë het natuurlik ook hulle skrywers van Suid-Afrikaanse kant opgelewer, maar tot dusver het ernstige geskiedswerke oor die aangeleenthede van ons kant ontbreek, met uitsondering natuurlik van die offisiële geskiedenis van ons oorlogspoging tydens die

Tweede Wêreldoorlog. Die rede hiervoor was miskien dat die Afrikaner meestal van die standpunt uitgegaan het dat ons nie in die oorloë van Europa ingesleep moet word nie, dat dit ons eintlik nie aangaan nie.

Maar vandag staan ons voor 'n nuwe en snel veranderende wêreld wat nuwe eise aan die geskiedskrywing stel. Die groot wêreldstrominge gaan ons nie meer verby nie maar ons is direk daarin betrokke.

Om die stand van sake nader te besien is dit nodig om enkele sienings op die geskiedenis wat tans in Europa gangbaar is nader onder die oë te sien. Daar word vandag in Europa gepraat van die „probleem van die geskiedenis" wat een van die grootste probleme van die Europese mens geword het.

Die ontsettende gebeure van die Tweede Wêreldoorlog en die geweldige verandering wat dit in die struktuur van Europa gebring het, het die besef laat ontstaan dat die ou opvatting van die geskiedenis nie meer deug nie. Veral is dit die geval in Duitsland waar die gebeurtenisse die Nasionaal-sosialistiese opvatting van die geskiedenis as vals aan die kaak gestel het. Daar moes 'n nuwe siening van die geskiedenis kom. Maar wat? Dit laat 'n algemene gees van afkeer van die geskiedenis ontstaan. Is dit dan nie die geskiedenis wat die Duitse volk in die afgrond gestort het nie? Theodor Litt wys met sorg op hierdie verskynsel in Duitsland. Hy vind dit begryplik, „weil die Geschichte des letzten Menschenalters uns Schicksale beschert hat, die man nur mit Schaudern heraufbeschwört — weil sie uns die Mitverantwortung für Taten aufgebürtdet hat, deren zu gedenken Folterqualen bereitet". Wanneer was daar 'n geslag gewees waarop die geskiedenis so swaar gedruk het as die huidige wat deur die hel van twee wêreldoorloë en die pandemonium van massamoorde gegaan het? Hy haal die woorde van een persoon wat uitroep: „Heil dem Geschichtlosen! Ach, welche wohltat: Geschichtslosigkeit", en van 'n ander wat getuig van sy „persönlichen Unglauben an eine Bedeutung der geschichtlichen Welt."[24]

Maar die geskiedenis laat hom nie negeer nie. Dit is dringender as ooit dat oor die geskiedenis besin word. Nie alleen is die Nasionaal-sosialistiese opvatting as vals onderken nie, maar ook in wyer sin word die ou tradisionele opvatting van die geskiedenis nie meer as bevredigend beskou nie. Die ou opvatting wat in die Historisme van die negentiende eeu wortel, lê o.a. die klem op die kontinuïteit van die geskiedenis, die harmoniese voortvloei van een fase in 'n ander. Dit is 'n opvatting wat by Ranke ontstaan met sy rustige kontemplatiewe opvatting van die verlede. Al wat hy van die geskiedenis eis, is om te verklaar hoe dit was; „wie es eigentlich gewesen". Maar die skokke wat Europa in die twintigste eeu beleef het, het die geloof aan 'n rustige kontinuïteit ondergrawe. En 'n rustige beskouing van die verlede bevredig nie meer nie. Die mens van vandag vra nie meer hoe dit was nie maar hoe dit

(24) Theodor Litt, Die Wiedererweckung des geschichtlichen Bewusstseins, Heidelberg, 1956, pp. 19-21.

gebeur het. Nie „wie es eigentlich gewesen" nie maar „wie es gekommen", soos Ludwig Dehio dit uitdruk.[25]

Dit is dus duidelik dat die geskiedenis se affiniteit met die huidige tans baie sterk na vore kom. Dit is trouens die geval met elke krisistyd in die menslike bestaan. In hoever hierdie toedrag van sake tans by ons aanwesig is, word straks nagegaan.

'n Ander aspek wat tans 'n probleem vorm is die vraag hoe die stateverhoudings gesien moet word. Daar bestaan die geykte opvatting van die *Magsewewig*, die *Balance of Power*, die *Gleichgewicht*. Dit is aanvanklik 'n siening wat tot Europa beperk was. In talryke handboeke kan ons lees hoe daar telkens 'n Europese oorlog ontstaan wanneer een van die moondhede te magtig word en dreig om die ewewig te verstoor. Wat die Duitsers betref ontstaan die begrip by Ranke wat dit meen te ontdek het toe hy die geskiedenis van die „Romanische und Germanische Völker" geskryf het. Gaandeweg het hierdie begrip 'n buite-Europese betekenis begin kry. Sedert 1918 is dit duidelik dat die ewewig in Europa alleen deur buite-Europese magte herstel kon word. Toe was dit Amerika. In die Tweede Wêreldoorlog, die laaste wat om die Europese magsewewig geveg is en waarskynlik sal word, is dit deur Amerika en Rusland, ook 'n grotendeels buite-Europese moondheid, herstel. Tans het die Europese ewewigsbeginsel sinloos geword. Daar kan alleen nog gepraat word van 'n wêreld-ewewig, wat deur buite-Europese magte Amerika en Rusland gehou word. En die Europese volkere voer maar 'n onsekere bestaan tussen die ewewig van die twee wêreldmagte.[26]

Ook vir ons het die ewewigsbegrip 'n besonder aktuele betekenis. Ons is, volgens die treffende woorde van Van Wyk Louw, soos 'n plantjie wat tussen die pote van groot vee groei en daar 'n taamlik haglike bestaan voer. Meer as ooit te vore hang ons voortbestaan af van die feit dat twee wêreldmagte mekaar in ewewig hou. Dit is egter een opvatting.

Naas die ewewigsbegrip is daar 'n ander opvatting — die van 'n wêreldhegemonie. Dit is 'n begrip wat die Romeinse Ryk as voorbeeld neem, wat indertyd die hele beskaafde wêreld omvat het en 'n mate van stabiliteit aan almal daarbinne verleen het. Is daar nie weer so iets moontlik wat die hele wêreld sal omvat nie? Aan die een kant stuur die Kommunistiese wêreld op so 'n wêreldstaat af. Aan die ander kant hoop ons op 'n uiteindelike hegemonie van die Westerse wêreld. Hoe die opvatting ook al uitval, dit is duidelik dat die ou opvatting van die geskiedenis nie meer sy geldigheid van vroeër het nie. Die toestand is nie meer stabiel nie.

Aansluitend hierby is die ernstige besef dat Europa nie meer die plek in die wêreld inneem wat dit voorheen gehad het nie. A. Weber het reeds die tema in 1946 behandel in sy „Abschied von der bisherigen Geschichte" en so ver terug as 1926 het Toynbee al gepraat van „The dwarfing of Europe".[27]

(25) Ludwig Dehio, Gleichgewicht oder Hegemonie, 1948, p. 9; aangehaal deur G. Barraclough, History in a Changing World, Oxford, 1957, p. 183.
(26) Sien Barraclough a.w., p. 168 e.v. Ook L. Dehio, Ranke und der deutschen Imperialismus, Historische Zeitschrift, 170, p. 307 e.v.
(27) A. J. Toynbee, Civilization on Trial, Oxford, 1948, p. 97.

Th. J. G. Locher hou in 1954 'n lesing oor „Die Überwindung des Europäozentreschen Geschichtsbildes".[28] Barraclough gee in 1957 'n bundel essays uit waarin die tema telkens ter sprake kom; een daarvan heet „The end of European History".[29] Dit is maar enkele van meer sulke uitlatings. Eintlik sien die verskillende denkers die saak so dat die wêreldgeskiedenis tot dusver te veel vanuit 'n Europese gesigshoek gesien is; dat die ander wêrelddele nie hulle regmatige plek in die geskiedenis gekry het nie.

Dit het by sommige die idee laat ontstaan dat die hele geskiedskrywing van Wes-Europa tot dusver op die verkeerde spoor was; dat dit op sy minste eensydig was; dat alles oorgeskryf moet word. Daarom word gevra na 'n wêreldgeskiedenis wat alles in die „regte perspektief sou plaas". Daar word gevra na 'n re-oriëntasie van die Europese geskiedskrywing.

Dit is vanselfsprekend ook die uitgangspunt van die Kommunistiese geskiedskrywing. Trouens die Kommuniste kyk met leedvermaak na die „probleem" wat die geskiedenis vir die Weste geword het. Die „probleem" is vir hulle maar net nog 'n bewys van die „Bankrott der bürgerlichen Wissenschaft". Hy wat in die „bürgerliche Idiologie" volhard sal geen antwoord op die vrae vind nie. Die Kommunistiese historikus het nie die ballas van 'n Europese tradisie nie. Hy het dit lankal opsy gegooi. Hy beplan sy geskiedenis op 'n wêreldterrein. Die volkere van Asië, Amerika, Afrika trek die historikus aan; nie die lotgevalle van 'n klein aantal volkere in Europa nie; en dit bring hom daartoe om ook die geskiedenis van Europa in 'n ander lig te sien.[30]

In hoever die beskouing, wat altans die Westerse denkers betref, daartoe lei dat die rol van Europa weer onderskat word, wil ek in die midde laat. Dit is egter 'n lewenshouding waarmee ons, as brokstuk van die Europese kultuur, rekening moet hou.

In aansluiting tot bogenoemde lewenshouding is 'n ander verskynsel wat vandag algemene geldigheid het. Dit is die nuwe liberalistiese gees; die eis wat die „menseregte" aan ons stel; die eis dat elke volk, afgesien van ras en ontwikkeling die reg op sy eie heil of ongeluk het, op eie politieke onafhanklikheid. Gelykheid, integrasie — u ken die woorde maar te goed. Kolonialisme, ook 'n woord van Europese oorsprong, word verguis; dit is uitgedien.

Na die Eerste Wêreldoorlog is die idee van die reg op nasionale selfstandigheid in Europa uitgewerk. 'n Hele reeks klein staatjies het in Oos-Europa tot stand gekom. Tans word die beginsel op Afrika toegepas.

Hierdie geestestroming raak ons in Suid-Afrika direk. Eintlik is dit, wat ons betref, iets dergeliks as die filantropiese beweging uit die dae van dr. Philip. En dit lyk dan of ons werklik weer aangeland het by die punt waar ons geskiedskrywing begin het. Weer sal dit nodig wees dat ons geskiedskrywing hierop 'n antwoord vind.

(28) Wiesbaden, 1954.
(29) G. Barraclough, a.w., p. 203.
(30) I. S. Kon, Fragen der Theorie der Geschichtswissenschaft in der moderne burgerlichen Geschichtschreibung, Zeitschrift für Geschichtswissenschaft, VII (1959), Heft 7.

Ons staan midde in 'n krisis van wêreldomvang, „die grootste en aangrypendste van almal", soos dr. G. D. Scholtz dit uitgedruk het[31] — 'n krisis waarvan die kleurvraagstuk maar een, hoewel vir ons die ernstigste, aspek is. Die Naturelle-vraagstuk is in die verlede nie deur ons geskiedskrywing verwaarloos nie. Daar kan op 'n hele reeks skrywers gewys word wat die tema behandel het. Maar dit kom my voor asof die meeste van hulle die aangeleentheid te eng, te plaaslik, opgeneem het. Dit is nodig om die vraagstuk in sy wyer, al-Afrikaanse, verband te sien. Dat ons bewus is van hierdie vereiste, toon die stigting van 'n Afrika-instituut, wat seker bevrugtend op ons geskiedskrywing sal inwerk.

Dit sal nodig wees dat ons hele geskiedenis in wyer verband gesien word. Ook hier by ons word die vraag gestel: Hoe het dit gebeur, hoe het dit gekom dat ons in die huidige posisie beland het? As ons geskiedeniswerke die vraag verontagsaam dan kan ons verwag dat die algemene publiek steeds minder belang daarin sal stel. Dit is immers 'n vraag wat die geskiedskrywer beter as iemand anders behoort te kan beantwoord. Dit moet nie net aan politici en geleentheidsprekers oorgelaat word nie — ek sê dit met alle respek teenoor dergelike persone.

Ons moet ons ernstig afvra of 'n her-oriëntasie van ons geskiedskrywing in die lig van gebeure in Afrika en die huidige strominge in die wêreld nie noodsaaklik is nie. Ek dink verskeie van ons historici is bewus van dié noodsaaklikheid.

Nog 'n vraag wat in elke krisistyd gestel word is na die sin van die geskiedenis. Hier is die vraag nie *hoe* nie maar *waarom;* nie *vanwaar* nie maar *waarheen.* „Zij is een zoeken en vragen naar het waarom van alle historische gebeuren, naar het waarom van het lijden, dat over gansche tijden en geslachten komt." So skryf dr. Z. W. Sneller in 1944 onder die pynlike indruk van 'n wêreldoorlog.[32]

Dit is nie reg dat ons as vakhistorici ons onttrek van alle spekulasies oor die toekoms nie. Die vraag na die sin en die doel van ons bestaan hier in Suid-Afrika word tog gestel. En dit is ook reg dat dit gestel word. Want as dit nie gestel word nie, dan getuig dit van geestelike armoede en onverskilligheid. Dit is ook reg dat 'n antwoord daarop gesoek word. Vir ons is dit 'n pynlike vraag want die voortbestaan van ons volk is daarby gemoeid. Dis vanselfsprekend dat ons die vraag in ons godsdiens, in ons religieuse lewensbeskouing betrek. Daar is egter 'n neiging om in dié verband enigsins negatief te reageer. Daar word gestel dat „God nie verniet ons volkie aan die Suidpunt van Afrika geplant het nie", „dat ons 'n beskawingsroeping in die donker vasteland het". Dit lyk my egter nodig om met dié geloof en oortuiging in ons, meer positief op te tree.

(31) G. D. Scholtz, Het die Afrikaanse Volk 'n toekoms?, Johannesburg, 1954, p. 9.
(32) De Zin der Geschiedenis, onder redaksie van dr. H. Honders e.a., Wageningen, 1944, p. 9.